CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

Januarie 2018 *No.82*

# Andries Louw: 2017 PNS Canola Opbrengskompetisie wenner vir die Swartland

**Leygonie-Crous I**



**Foto:** Andries saam met sy staatmaker werkers (v.l.n.r Andries Adams, Joos Adams, Andries Louw en Jerome Adams)

Andries boer in die hartjie van die Durbanville-wynlande op die plaas Sondagsfontein saam met sy vrou Sarah en hul twee kinders. Sondagsfontein is hul familieplaas en behoort al 'n eeu aan die Louw familie waarvan Andries die 5de geslag is. Andries volg 'n wisselboustelsel waar hy koring vir twee agtereenvolgende jare na canola saai, weer gevolg deur canola.

Andries het geen spesiale wenresep wat hy volg nie en boer jaarliks volgens die omstandighede wat deur die verloop van die seisoen aan hom gestel word. Net soos meeste produsente, glo Andries daarin om als van plant tot oes self te doen, die regte kultivars vir sy betrokke omstandighede te kies en in sy canolajaar in die koringstoppels te plant. In Junie het daar 'n bui reën geval op Sondagsfontein wat ander produsente se plase nie bereik het nie – Andries glo dat die ekstra bui reën sy rede vir sukses was vir die 2017 seisoen.

In die wenkamp, wat slegs 270 mm reën ontvang het, het Andries die kultivars 44Y89, 45Y88 en 44Y90 geplant teen 'n digtheid van 3.5 kg per hektaar op die 26ste April. Die onkruiddoder trifluralien is teen 1.5 l/ha tesame met 5 kg slakpille (Sluggem) tydens plant toegedien.

Sy bemestingsprogram het bestaan uit 20 kg N, 10 kg P, 5 kg K en 2.8 kg S per hektaar met plant. Die eerste bo-bemestig het bestaan uit 50 kg N, 4 kg P en 7 kg S wat op die 8-blaarstadium van die canola toegedien is. Presies 'n maand daarna is weer 30 kg N, 2.5 kg P en 4 kg S toegedien. Beide bo-bemestings is elke keer net voor reën toegedien.

Die onkruidbeheerprogram na planttyd het bestaan uit 'n Kletodim bespuiting teen 'n dosis van 700 ml per hektaar wat tussen 4-8 blaar toegedien is. 'n Week daarna is Lontrel (1.5 L/ha) toegedien om breëblaaronkruide te beheer. Die Lontrel was gemeng met 1 kg spoorelemente (Brassica).

**„Volgens Andries moet jy 'n punt daarvan maak om gereeld op te lees om sodoende voor te bly met die nuutste tegnologie rakende canola verbouing"**

Ongeveer 10 dae na plant is 'n piretroïed insekdoder (Decis) voorkomend gespuit om snywurms te bestuur ongeag of hul teenwoordig was of nie. Dimetoaat (300 ml/ha) is saam met die piretroïed gemeng om sodoende sandmyte te beheer. Andries het die vorige jaar 'n hele kamp afgeskryf aan snywurms en het die voorkomende spuit van snywurms deel gemaak van sy bestuursprogram. Saam met die toediening van Kletodim tussen 4-8 blaar is Imidor ook toegedien (250ml/ha) om luise te bekamp. Bolwurm en ruitrugmotlarwe infestasies is beheer met 'n methomyl toediening

(Methomax) teen 'n dosis van 900 ml per hektaar.

Alhoewel 2017 'n baie droë jaar was en toestande ongunstig was vir *Sclerotinia* om te ontwikkel is swambeheer wel toegepas deur Prosaro toe te dien by 20-30% blom.

Andries sny plat by 50-60% saadverkleuring en het 'n skadunet bo sy 'pick-up' aangebring om verliese maksimaal te beperk.

Volgens Andries moet jy 'n punt daarvan maak om gereeld op te lees om sodoende voor te bly met die nuutste tegnologie rakende canola verbouing. Benewens 'n kranige boer te wees dien Andries op beide die Durbanville en Philadelphia Boereverenigings. In sy vrye tyd gaan jag hy graag in die Karoo en jy sal hom ook gereeld langs die viswaters kry in Henties waar hy en sy gesin jaarliks gaan vakansie hou.

Ons is baie trots op Andries se 2.21 ton canola opbrengs ten spyte van die haglike droë omstandighede wat in 2017 geheers het.

**Navrae:** Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com
**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Prof A Agenbag, Izane Leygonie
***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***
Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION